Ps. 100:1-4 'n Volk Bring Sy Dankoffer |P. 9 Sept. '56
" 116: 1, 5, 7, 8. Ex. 35: 1-29
Ges. 156: 5, 6.

Ex. 35:21 – En elkeen wie se hart hom opgewek het en elkeen wie se gees hom aangedryf het, het gekom: hulle het die offergawe van die Here gebring vir die werk aan die tent van samekoms.

Sover ons kan vasstel was hierdie fees beskrywe in Ex. 35 die eerste (gemeentelike) Dankofferfees wat die volk Israel gehou het. 'n Fees gehou in die hartjie van 'n dorre en droeë woestyn – en tog 'n fees wat gevier is met d. gees van die paradys. Daarom wil ons nou na hd. Dankfees kyk – om te leer wat God ons daaruit wil leer.

Ons sien dan:

I Wie het hd. Dankoffers gebring? Dit tref ons dadelik dat die woorde "hele", "elkeen" en "almal" keer op keer in hd. hfs. voorkom:

① "Die hele vergadering" (vs. 1 & 4) d.w.s. die hele volk, die groot skare, d. ganse vergaderde menigte. Nie een was gemis toe Moses hulle laat bymekaar kom het om die saak v.d. dankoffer aan hulle te stel (Vgl. Ps. 116:14 – "My gelofte sal ek a.d. Here betaal i.d. teenwoordigheid van sy ganse volk").

② "Elkeen" of "elke": kom nie minder as 10 maal voor in vs. 1-29 nie! Om daarmee aan te dui dat dit 'n saak was wat elke Israeliet geraak het – van die rykste tot d. armste en van d. oudste tot d. jongste. Niemand oorgeslaan – niemand se gawe of diens te gering geag.

③ Manne sowel as vroue: Dit val ons op dat in die saak die vrou saam m.d. man haar volle deel – en soms nog meer as haar volle deel – gedoen het: die vrou wat in d. Isr. volkslewe feitlik geen status gehad het nie.

Al hd. uitdrukkings wys ons daarop hoedat

d. toewyding, d. samewerking en d. ondersteuning van elke Israeliet gesoek en verwag was!
→ Innig dankbaar vir elkeen in ons gemeente wat reeds ondervind het watter vreugde dit bring om gehoor te gee aan Gods oproep vir ons lewe – ~~maar~~ ook so duidelik bespeur in d. bydraes van gemeentelede en d. verrigtinge van die naweek. Maar ons sou ~~blind wees~~, ontrou wees aan ons roeping as ons ~~nie~~ sê skuif vir d. feit v. ^houdende in ons gemeente wat nog nooit ontdek het dat hd. woord: „elkeen" ook hulle insluit! Teks

II Wat het hulle Gebring?

Dis baie belangrik om te let op alles wat die volk gebring het in antwoord op d. oproep van Moses hulle leier om d. werk a.d. tent van samekoms te bevorder:

① Die Keur van hulle besittings: As u die lys van dinge deurgaan wat nodig was vir die tabernakel en u kyk na wat d. volk gebring het dan word 'n mens diep getref deur d. feit dat dit uitgeskiet het d. beste v. hulle besittings. d. keur v. hulle huise: goud, silwer, koper, pers en purperrooi stowwe, fyn linne, akasiahout. olie en speserye – om maar net 'n paar te noem. Die bestes d. allerbeste wees vir God en sy huis gaan!
→ Ons offers: só gebring? So gegee? (Boer in Koppies distrik: 40,000 sak mielies – 15 sak vanjaar d. meeste nog ooit gegee. Vantevore maar skaap: skaars op dorp kom!). Ons gee nie as 'n bydrae 'n offer mens. 'n Kerkraad. 'n gemeente nie: ons gee aan God!

② Die Kroon van hulle vaardigheid: mans saam as vroue het al die talente tot hulle beskikking aangewend om ~~hulle~~ ~~bo~~t d. adel van hulle arbeid te gee: hulle trots en hulle vreugde gelê in wat hulle vervaardig of geskep het! Kol.
→

③ Die ~~Kern~~ Klop van hulle hart: „Elkeen wie se hart hom opgewek en elkeen wie se gees hom aangedryf het" Hulle gawes en hulle arbeid was d. natuurlike gevolg en resultaat van iets wat dieper gelê het en wis gegee moes word: hulleself!
Deur gewillig: – let op hoe beklemtoon Moses dit dat elkeen gewillig moes gee (sedelike waarde van gewillige gawe) – 3 maal genoem
Deur geesdriftig: Spontane opwelling van groot ywer & diens. Geen werk te swaar. Waar d. liefde woon, word 'n geheiligde geesdrif gebore!
Deur eendragtig!

III Waarom Gebring? Was werkl. redes –

① Om God afsonne te verheerlik: Die hele volk was bewus v.d. feit dat dit gegaan het om 'n huis vir d. Here – al was dit 'n tenthuis – nogtans 'n Godshuis. Dié Godshuis sou hulle gedurig daaraan herinner dat God in hulle midde is, dat Hy onder sy volk wou woon.

Daarom moes d. diepste grond van hulle offerande wees en bly: die eer van God! „Laat U Naam geheilig word"

② Om hulle dankbaarheid te betoon: Maar d. tabernakel sou hulle altyd herinner aan d. dankbaarheid wat hulle teenoor God verskuldig is. Dit sou hulle gedagtes altyd terugvoer na d. verlossing wat God vir hulle bewerk het uit d. slawerny van Egipte en d. vrymaking van bande v.d. dood. Dit moes d. diepste grond vir hulle dankbaarheid bly: d. talle geest. seëninge uit Gods hand ontvang!

③ Om d. saak v.d. Here te bevorder: Moses het d. volk ingelig oor d. behoefte vir ~~d. tabernakel~~ op d. oprigting van 'n tent: ~~...~~. Anders was hulle v.d. noodtent van samekoms. Ahwal was hulle bewus v.d. noodsaaklikheid van 'n Godshuis: die oprigting en instandhouding van d. tabernakel en d. tempeldiens. Sonder offers was dit onmoontlik: daarom hd. gedenkwaardige dankfees i.d. gesk. v Israel!

Br. & St. - Hier het ons d. diepste grond ook vir ons samekoms vanmôre:

① Om aan God al d. eer toe te bring: want dit gaan om Sy Naam en Sy eer bo alle dinge!

② Om ons dankbd te betoon nie net vir al d. tyd. seëninge maar bo al vir al Gods geest. seëninge aan ons geskenk. Op tyd. gebied: Terugskou in ons (distrik) - & tag: hoeveel! Op geest. gebied: hoe kan ons ooit ophou om te dank vir Gods onuitspreklike gawe in d. persoon van Jesus, onse Here!

③ Om die werk v.d. Here te laat voortgaan:

a) Bestaande skuld: £ 5000 op saal + £ 1500 pastorie (£ 2500 reeds betaal) -
b) afsetting: £ 6000 + deel dankoffer deur hulle op lyste ingesamel
c) Kerkgebou: Reparasie & herstel niks minder £ 1000
d) Uitbreiding Gods ryk: ① Ds. & Mev Smith
② Nog 'n send. gemeente

Hoe moontlik? Exodus 35: 21

Amen.